Verwysing: 20190318-2963
Lêernommer: 3/3/4/3/3/2
Navrae: Direktoraat: Werknemerverhoudinge

Omsendbrief: 0012/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: GLOO-koördinering en -advies, Distriksamptenare, Prinsipale, Voorsitters van beheerliggame en alle Werknemers van openbare skole

Kort opsomming: *Wysiging van die beleid oor lyfstraf en die prosedure wat gevolg moet word wanneer sodanige gevalle aangemeld word. Hierdie omsendbrief is van toepassing op alle werknemers insluitende opvoeders, staatsdienspersoneel en werknemers in diens van beheerliggame.*

Onderwerp: Verbod op lyfstraf

1. Hierdie omsendbrief is hersien en herroep Omsendbrief 0024/2016 in sy geheel.

2. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) en die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996) verbied lyfstraf in skole. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het 'n toename/onaanvaarbare hoeveelheid lyfstrafgevalle en -voorvalle oor die afgelope twee jaar aangeteken en is vervolgens gedwing om sy bewustheid aangaande die beleid oor die verbod op lyfstraf te hersien. In ooreenstemming met dié beleid, sal streng dissiplinêre stappe teen werknemers gedoen word wat lyfstraf toepas en/of leerders by opvoedkundige inrigtings van die WKOD aanrand.

In die lig hiervan, word die volgende inligting en riglyne voorsien.

3. Doel

Die doel van hierdie omsendbrief is om te verseker dat alle werknemers van die WKOD, asook werknemers in diens van beheerliggame, kennis neem van die verbod op lyfstraf en die genoemde wysiging.

4. Wetgewende raamwerk

Verskeie wette is uitgevaardig om uitvoering te gee en werknemers te help en te lei in die weerhouding van die toediening van lyfstraf:

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig
- Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), soos gewysig
- Wet op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000), soos gewysig
- Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), soos gewysig
- Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)
- Stop Misbruik-protokol van die WKOD, 2014
- Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), soos gewysig
- Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007)
- Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) Nasionale Instruksie 3 van 2008 (Deel 4)
- Professionele Etiese Kode vir Opvoeders van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO)
- Wet op die Afskaffing van Lyfstraf, 1997 (Wet 33 van 1997)

5. Definisies

5.1 Lyfstraf

Lyfstraf word gedefinieer as enige doelbewuste handeling teen 'n kind wat pyn of fisiese ongemak veroorsaak om hom/haar te bedwing. Dit sluit in, maar is nie beperk nie, tot die tugtiging, klap, knyp of slaan van 'n kind met die hand of enige ander voorwerp; ontsegging of beperking van 'n kind se gebruik van die toilet; ontsegging van etes, vloeistof, hitte of skuiling; stoot of trek van 'n kind met geweld; dwing van 'n kind om oefeninge te doen. Dit gaan dus nie net oor die gebruik van 'n rottang nie, maar verwys ook na 'n aanval op 'n persoon (leerder) op enige ander wyse.

5.2 Aanranding

Aanranding is die wederregtelike en opsetlike toepassing van geweld op die liggaam van 'n ander persoon of bedreiging of onmiddellike persoonlike mag op 'n ander persoon in omstandighede waar die bedreigde persoon glo dat die persoon wat hom/haar dreig, die bedoeling en mag het om die dreigement uit te voer. Selfs 'n dreigement om 'n persoon aan te rand, word dus ingevolge die wet as aanranding beskou.

Ingevolge wetgewing word aanranding gedefinieer as die wederregtelike en opsetlike toepassing van geweld op 'n persoon, of 'n dreigement dat sodanige geweld toegepas sal word. Dit is 'n onwettige aanval, of die dreigement daarvan, op die persoon of 'n ander deur houe, fisiese mishandeling of die gebruik van wapens of voorwerpe.

5.3 Lyfstraf vs. aanranding

Soos aangedui in die definisies hierbo, is dit duidelik dat alle vorme van lyfstraf by implikasie as 'n daad van aanranding beskou sal word. Dit behoort verstaan te word dat die WKOD in alle gevalle van lyfstraf, dissiplinêre optrede sal doen asof hulle as dade van aanranding geag word.

5.4 Vorme van aanranding

Die volgende is voorbeelde van vorme van lyfstraf (aanranding) wat strafbaar is:

- Enige fisiese daad wat ongemak of pyn aan die leerder veroorsaak Die gebruik van 'n stok/belt/rottang of enige voorwerp om leerders te dreig
- Voorneme om liggaamlike leed aan te doen
- 'n Leerder te dreig
- 'n Leerder te skud
- Enige vorme van marteling
- Skop
- Knyp
- Ore of enige ander liggaamsdele te trek
- Iemand met 'n vinger te stamp/stoot
- Enige verbale aanslag, gebruik van vulgêre taal, vloekery of geswets
- 'n Leerder met ras- en/of seksuele ondertone te beledig

Let daarop *dat voorbedagte rade die oortreding ernstiger maak, en dat selfverdediging en uitlokking slegs die sanksie kan beïnvloed, en nie die skuldigbevinding in 'n verhoor nie.*

6. Verbod op lyfstraf

Geen werknemer mag lyfstraf, soos hierbo uiteengesit, op 'n leerder by enige opvoedkundige inrigting toepas nie. Enige werknemer wat enige vorm van lyfstraf toedien, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding, onderhewig aan 'n vonnisoplegging vir aanranding. 'n Werknemer mag nie enige ontgroeningspraktyke op 'n leerder by 'n skool of in 'n koshuis wat leerders huisves, uitvoer of daaraan deelneem nie. Dissiplinêre stappe sal ingestel word teen enige werknemer wat aan enige van hierdie praktyke, lyfstraf en/of aanranding skuldig is.

Die verbod op lyfstraf is daarop gemik om 'n kultuur aan te moedig wat nie gewelddadig is nie of konflik deur middel van dialoog en bespreking op te los en 'n verantwoordelikheidsin en selfdissipline onder alle belanghebbendes in die skool te vestig.

7. Gevolge van die toediening van lyfstraf of aanranding

Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), verbied lyfstraf en maak voorsiening dat enige persoon wat aan 'n misdryf skuldig bevind word, by skuldigbevinding 'n vonnis soortgelyk aan dié van aanranding opgelê kan word. Werknemers moet daarom kennis neem dat die instelling van dissiplinêre stappe teen hulle ingevolge die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), nie die WKOD of 'n individu

verhinder om strafregtelike stappe teen hulle in te stel, soos deur die wet vereis nie. In die geval van opvoeders, sal hulle aan 'n dissiplinêre proses deur SARO onderhewig wees.

8. Die prinsipaal se verantwoordelikheid

8.1 Prinsipale word versoek om hul personeel, van die verbod op lyfstraf en die gevolge daarvan, in te lig. Wanneer 'n saak deur die prinsipaal van die inrigting aangemeld word, is hy/sy verplig om dadelik die Direktoraat: Werknemerverhoudinge, die distrikskantoor en die distrik se maatskaplike werker van die beweerde oortredings in te lig.

8.2 Onder geen omstandighede behoort gevalle van lyfstraf ingevolge die informele dissiplinêre verhoorprosedure plaas te vind nie. Alle sodanige gevalle moet deur 'n formele dissiplinêre verhoor aangehoor word.

8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die Direktoraat: Werknemerverhoudinge om die erns van die voorval/saak te ondersoek en te bepaal of die oortreder aangekla moet word al dan nie.

8.4 Prinsipale word daaraan herinner dat hulle nie nodig het om enige bewerings te ondersoek nie, maar eerder die saak dienooreenkomstig na die Direktoraat: Werknemerverhoudinge en die distrik se maatskaplike werker te verwys om ondersteuning te verseker. Van die prinsipaal sal egter verwag word om die leerder se ouers/voogde van die beweerde voorval in kennis te stel.

8.5 Prinsipale wat versuim om die stappe soos hierbo uiteengesit te volg, sal hulself skuldig maak aan pligsversuim wat tot moontlike dissiplinêre optrede kan lei.

9. Werknemers in diens van beheerliggame

9.1 Dit is onder die WKOD se aandag gebring dat voorvalle van lyfstraf wat werknemers in diens van beheerliggaam betref, nie aangemeld word nie.

9.2 Dit is algemeen bekend dat die WKOD geen jurisdiksie oor werknemers in diens van beheerliggame het nie. Voorvalle wat werknemers in diens van die beheerliggaam van die skool betref, moet egter aan die distrik se maatskaplike werker gerapporteer word (ingevolge paragraaf 3.5 (d) (i) van die Stop Misbruik-protokol van die WKOD, 2014) en/of die Direktoraat: Werknemerverhoudinge. Die redes hiervoor is:

a) om seker te maak dat alle leerders die nodige berading, ondersteuning en ontlonting ontvang; en
b) afhangende van die meriete van 'n saak, die distrik se maatskaplike werker die saak aan die SAPD kan rapporteer.

9.3 Dit is belangrik om daarop te let dat almal wat deur die WKOD en die beheerliggaam in diens geneem word, gekeur moet word – insluitend vrywilligers en mense wat nie direk met kinders werk nie, bv. administratiewe, sekuriteits- en instandhoudingswerknemers.

Ten einde leerderregte te beskerm, moet die beheerliggaam kontroleer of die aansoeker op die Nasionale Kinderbeskermingsregister (NCPR), die Nasionale Register vir Seksoortreders (NRSO), of die SARO-register gelys is.

10. Gevolgtrekking

Ter afsluiting erken die WKOD die uitdagings waaraan werknemers daagliks onderworpe is betreffende leerderdissipline. Die WKOD moedig werknemers dus ten sterkste aan om ander opsies te oorweeg en hul daarvan te weerhou om lyfstraf toe te pas, aangesien dit ongrondwetlik, onwettig en onwaardig is.

11. Hoofde van inrigtings word versoek om alle personeel van die inhoud en erns van hierdie omsendbrief in kennis te stel. Alle nuwe werknemers moet van hierdie omsendbrief bewus gemaak word sodra hulle by opvoedkundige inrigtings van die WKOD aangestel word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-03-09